# 5 Desember 2023 - Lesing 193 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die goddelike werking van die gees. - Spreek in tale II – 23/3/61

**NO: 7856** Julle mag voortdurend My **Liefde en genade** ontvang, op geen stadium sal julle maat ooit klein wees nie, **julle sal altyd gegee word volgens julle begeerte.**

En so sal julle ook onderrig word as julle oningelig is, - geestelike kennis sal aan julle deurgegee word, sodra julle dit vereis vir die redding van julle siele. Julle sal verlig word, en hierdie lig skyn in julle **deur die werking van My Gees,** want Ek is lief vir julle.

En niks wat Ek aan julle skenk sal ooit julle duisternis verhoog nie, dit sal nooit bydra tot die verspreiding van geestelike duisternis oor julle nie. Want wanneer die "Ewige Lig" Haar straal van liefde vir julle stuur, **sal julle self verlig raak, alles moet duidelik word vir julle**.

Moenie hierdie fundamentele waarheid vergeet nie, dan sal julle ook altyd die regte oordeel maak indien dit van julle vereis word met betrekking tot geestelike aktiwiteit wie se oorsprong debatteerbaar is.

Enigiets wat van My af kom kan net lig wees en sal altyd slegs die lig in julle aansteek. In teenstelling hiermee, is iets wat julle nie lig kan bied nie, nie uit My nie; instede is My teenstander die bron, wie se grootste strewe is **om julle in geestelike duisternis te hou**.

Moet nou nie die beswaar opper dat julle nie in staat is om 'n korrekte oordeel te maak nie. Want so gou as wat julle na My draai en vra vir geestelike verligting, so gou as julle versoek uit die diepte van julle hart kom en gedoen word ter wille van die suiwer waarheid, kan julle werklik ook staatmaak dat dit aan julle toegestaan sal word, want elke persoon vir wie die waarheid heilig is, wat daarna streef **en wat na My, die Ewige Waarheid self kom**, is verblydend vir My. Ek sal julle nie in geestelike duisternis laat nie, en dan sal julle altyd die regte gedagtes helder en duidelik herken of die geestelike kennis van My of van My teenstander kom.

Daar is egter net 'n paar mense wat werklik waarheid begeer, gevolglik kan baie as die waarheid vir die meeste mense aangebied word sonder dat hulle die misleiding herken. Want hulle sal ook alles ondeurdenk aanvaar en dit weer by hulle medemens onderskryf as waarheid en daardeur **steeds meer duisternis onder die mensdom versprei.**

Van My kant kan geen kragdadige uitskakeling van sulke misleidende leerstellings gedoen word nie, want weer en weer sal mense deur My teenstander se aktiwiteite ingetrek word en hom toegang gee solank **as wat hulle die lig nie ernstig begeer en nie van My vra nie** en totdat hulle dit doen, sal teenmaatreëls van My kant af onsuksesvol bly as gevolg van die mens se vrye wil. En so kan Ek net lig gee aan diegene **wat uit die duisternis wil ontsnap,** maar hulle sal inderdaad verlig word deur My lig van liefde, en hulle sal altyd herken waar My teenstander ingegryp het om mense se gedagtes te verwar.

Hulle sal weet dat **enigiets wat verwarrend vir mense is, nooit My werk kan wees nie**, dat Ek nooit aan die werk is wanneer mense woorde spreek wat niemand kan verstaan nie, **wanneer hulle hulself voordoen as 'gevul deur die Gees van God' en hul medemens met geen lig hoegenaamd kan voorsien nie**.

Moenie elke gees glo nie, in plaas daarvan, **toets hulle ernstig**. Want My opponerende gees werk ook, veral gedurende die tyd van die einde, en hy sal steeds meer verwarring veroorsaak deur weg te kruip agter My Woord, **agter die Boek van die Vaders**. Hy sal julle mense in dwaling intrek en in staat wees om dit te doen omdat julle dink julle weet wat die waarheid is en dus die waarheid nie ernstig begeer nie, waarvoor julle My vir verligting moet aanroep.

Julle glo dat julle die waarheid uit die Boek van Boeke kan kry en **versuim om My te vra vir die regte Gees**, sodat julle hierdie boek behoorlik kan verstaan, sodat julle nie slegs die letter sal lees sonder om die Gees wat agter die letter weggesteek is, te begryp nie. Want die letter maak dood, slegs die gees maak lewend.

Maar julle kan slegs die geestelike betekenis van die Woord verstaan as 'n lig aangesteek word in julle, as My Gees in staat is om in julle te werk **en wat julle van binne af verlig,** sodat julle dan die betekenis van die geskrewe Woord sal verstaan. En julle moet altyd seker maak dat julle 'n baie duidelike verduideliking kry. Want slegs dit wat van My af kom, gee aan julle hierdie duidelike verduideliking.

Dit wat julle nie kan verstaan nie, ten spyte van julle beste voornemens, wat maak dat julle dit nog meer bevraagteken, is nie van My nie. En julle kan dit sonder huiwering verwerp as die werk van My teenstander se gees en julle hoef nie bevrees te wees dat julle tot verantwoordiging geroep sal word as gevolg van julle verwerping nie.

Want die lig sal julle altyd voordelig beïnvloed, terwyl die duisternis dié van julle sal laat onttrek wat lig begeer. En My Gees is nie aan die werk solank as wat julle vrae het nie, solank as wat julle nie duidelik kan sien nie, instede is dit die werk van die een wat die lig beveg, dit wil sê die waarheid, **en julle moet wegbly van hom af**. Amein.